

11 November

Skrifgedeelte: Genesis 13

Fokusgedeelte: Genesis 13:8

Salig is die vredemakers

“Toe sê Abraham vir Lot: ‘Laat daar tog geen twis wees tussen my en jou, en tussen my wagters en jou wagters nie; ons is mos broers.’”

Dit is moeilik om met ‘n twisgierige mens saam te leef. So ‘n mens is ‘n foutsoeker, want hy loop met wrewel in die hart. Hy hou van uitbarstings en beledig maklik. Hy dryf mense uiteen. Wanneer die twisvuur lustig brand, klap Satan sy groot twisgierige hande. Hy is daarop uit om skanse tussen mense en God op te rig.

Dit gebeur veral wanneer die mense wat twis uit een gesin of familie kom en nog meer wanneer hierdie mense een God en een Vader bely. Abraham en Lot was nie net verbind deur bande van bloed nie, maar juis ook deur bande van geloof.

Wanneer gelowiges so twis, kry die wêreld die kans om die Naam van die HERE te smaad. Gou hoor jy: “Dit is nou kerkmense daardie!”

Ons is tog die mense wat sing (Ps 133 – beryming): “Hoe goed is dit, ‘n huis vol lieflikhede ...” Abraham is ‘n voorbeeld van iemand in die huis wat in dié psalm besing word. Die twis was nog net by die herders, maar hy het geweet as hy die twis nie in die kiem smoor nie, gaan dit die gesinne aantast. Om die vrede te herstel, is hy die minste in sy optrede teenoor Lot. Om vrede te herstel, is ‘n geseënde taak. Om die kwaad te voorkom, is nog beter. Dit gebeur in die huise waar dié oproep in die hart leef: “Laat daar geen twis wees tussen my en jou, ons is mos broers.” As broers is ons deur dieselfde bloed gekoop en deur die een Vredevors bestem vir die heerlijkheid.

Sing: Psalm 133:1,2 Ds MJ Smidt (Innesdal)